Die Hemelboer

Ek sien in my gedagtes - `n land vol oesryp graan
wat eendag, skielik, onverwags voor die sekel se lem gaan staan
En ritmies bring die sekel die oes in van die land
die koring staan nou weerloos teen die krag in die Boer se hand
en besef jy, besef jy
Hoe sekuur daardie sekel sny ?
Gaan jy dalk kaal en verlate en koud
en alleen in die land agterbly ?

Ek sien hoe die wa die gerwe na die dorsvloer toe karwei
want daar wag die werkers om die koring en die kaf te skei
En die ywerige hande sprei die oes uit op die vloer
Die koring lê nou weerloos voor die voete van die Boer
en besef jy, besef jy
Daar's `n skaal in die Here se hand
Sal Hy jou by die koring in die sakke wil hê
of gaan jy dalk op die hooimied beland ?
Sal Hy jou by die koring in die sakke wil hê
of gaan jy dalk op die hooimied beland ?

Ek sien die vreugde in die hemel. Kan jy jou dit ook verbeel ?
As die Hemelboer Sy koring in Sy meule maal tot meel
En ek glo die Heiland glimlag oor die ryp oes uit Sy land
want die vrug op al Sy arbeid is nou vir ewig in Sy hand
en besef jy, besef jy
Daar's `n lewe na die aardse dood
As die meule in die hemel jou maal tot meel
vir die Here se hemelbrood
As die meule in die hemel jou maal tot meel
vir die Here se hemelbrood

Wingerdloot

Ek voel net soos `n wingerdloot - `n vars jong wingerdloot
wat uitspruit uit die Wynstok van die lewe
Ek strek my hande op na God se lig soos blare na die son gerig
en ek voel `n drang om wild en vry te groei
Maar somtyds kry ek baie seer as iemand my takke skeur
en ek sukkel so om te verstaan
Hoekom ek dan so seer moet kry
Hoekom is dit dan so nag om my ?
Tot ek biddend na my Vader toe gaan

En Hy sê : Dis Ek my kind. Ja dis Ek my kind
Kyk hier is die skêr nog in my hande
Ja dis Ek my kind wat jou so seer moet snoei
wat jou moet buig en jou moet breek sodat jy reg kan groei
Ja dis Ek my kind wat net volharding vra
Want `n loot word eers gesnoei voordat hy vrugte dra

Ek voel net soos `n wingerdloot - `n stompgesnoeide wingerdloot
wat nou vas staan in die Wynstok van die lewe
En ek voel die lewe in my bloed - deur hierdie Lewensaar gevoed
en ek weet ek groei nou onder Sy beheer
En as ek nou die pyn weer voel
dan weet ek dat Hy dit goed bedoel
Dis die Vader se plan vir my
As ek die seer dan by Sy voete lê
wil ek biddend ook vir Hom kom sê
Heer, U liefde maak my weer bly

Hier is ek my Heer - Ja hier's ek my Heer
Kyk ek gee alles oor in U hande
Hier is ek my Heer - ek lê my lewe neer
Kom buig my en breek my soos U wil my Heer

Want ek weet my Heer sodra die lente kom
dan staan die helder lentebloeisels vol in blom
Kyk na my my Heer - my bloeisels vol in blom
Die ryk belofte ... van vrugte wat ryp sal wees ...
as U weer op die wolke kom !

Gebed

Laat my nooit die grond verlaat nie
Laat my in U skadu bly
Gee dat elke aardse vreugde en vrees
eindelik nietig word vir my
Elke afdraaipaadjie ken ek
Elke keer het ek gedwaal
Elke keer het U my iewers kom haal
Maak dit Here, die laaste maal

Elke dag is 'n gedagte
Elke kamer net gehuur
Elke aarse droom van rykdom en roem
Bloot net 'n skadu teen die muur
Want wat ek is is net genade
Wat ek het is net geleen
Eintlik smag ek na U waters van rus
Lei my Heer, vanaand daarheen

Saaier saai die Woord

Dun goue letters in 'n dun gou raampie op 'n pikswart buiteblad
Die mannetjie op die rugkant met die saaisak in sy linkerhand
Strooi die saad op goeie grond en harde pad

Saaier saai die saad - Saai die saad
Saai die saad deur die hele land
Saai die saad uit God se hand
Saaier saai die saad - Saai die saad
Saai die saad in goeie grond
Saai die saad oral rond
Deel die lewende Woord uit God se mond

Dun swart letters genommer in kolomme op 'n spierwit binneblad
Die soekershart se paaie lê oor die omgekrulde blaaie
Soveel hande soveel vingers se vat

Saaier saai die saad - Saai die saad …
… die lewende Woord uit God se mond

Wanneer my lewe begin om kantlangs uit te rafel
Gryp ek na die anker - die Bybel hier op die hoek van my tafel
Want verskuil in hierdie blaaie
Deur al die eeue ongestoord
Lê die bron van ons lewe in inkletterwoorde
Die lewensaar van God se Woord

Saaier saai die Woord - Saai die Woord
Saai die Woord deur die hele land
Saai die saad uit God se hand
Saaier saai die Woord - Saai die Woord
Saai die Woord in goeie grond
Saai die Woord oral rond
Deel die lewende Woord uit God se mond

Selfondersoek (Heer U maak my nuut)

Hemelvader kyk na my - kyk ek sit hier by U voete
Ek wil so graag vanaand net alleen by U wees
Maar elke keer as ek stil word en opkyk in U oë
sien ek myself in die spieël van U Gees
Vader vul my met U krag en U genade
want, Heer, ek sien 'n dof, verwronge beeld
Help my om my lewe en myself so oop te breek
dat ek diep, tot binne in myself kan kyk
Help my uit genade om weer skoon en heel te word
Here help my asseblief om meer soos Jesus te lyk

Hemelvader kyk na my - kyk ek kniel hier by U voete
Ek wil my hele lewe en myself voor U kom lê
Maar elke keer as ek stil word en opkyk in U oë
dan wonder ek : 'Is ek regtig soos U my wil he ?'
Vader vul my met U krag en U genade
want, Heer, ek sien 'n dof, verwronge beeld
Help my in my soeke om die ware ék te ken
dat ek myself deur U oë sal sien
en help my in genade om weer nederig te word
Here help my asseblief om U weer opreg te dien ...
... dat die hele wêreld U beeld in my sal sien.

O Heer U maak my nuut - dat ek myself weer kan aanvaar
U gee my deur geloof 'n vaste hoop
om met 'n jubel vol van vreugde en 'n loflied in my hart
weer 'n nuwe pad my God ... saam met U te loop

Die Helde van die Bybel

Al die helde van die Bybel het een ding in gemeen
Hulle het vas gestaan en in elke stryd slegs op God gesteun
Vat nou maar vir Dawid - sy onder-onsie met die reus
Glo my sy enigste redding was sy vertroue op sy God gewees

So staan dan vas en voor jy gaan
Trek God se wapenrusting aan
Want die stryd is nie teen mense nie
Dis teen die duiwel en sy pyle vuur
Maar met my God loop ek `n bende storm
met my God spring ek oor `n muur
Met my God loop ek `n bende storm
met my God spring ek oor `n muur

Al die helde van die Bybel het almal gereëld gebid
Hulle het elke dag op hulle knieë gegaan
voordat hulle `n voet versit
Vat nou maar vir Simson - Hy was in kettings vasgebind
Glo my sy laaste krag het hy in gebed by sy God gevind

Al die helde van die Bybel het geglo wat God beloof
In die donkerste nag of in die swaarste stryd
was hulle vas in hulle geloof
Vat nou maar vir Josua - Loop net `n paar maal om die stad
en soos God beloof het toe die horings blaas
was die vesting se mure plat

Somerkersfees

Welkom o stille nag van vrede onder die Suiderkruis
Terwyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal
Kyk, selfs die nagtelike swye vertel die ou verhaal
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Voel jy ook nou Sy warm liefde as ons die dag gedenk
Toe Hy sy Seun aan ons gestuur het. Ons grootste kersgeskenk
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Gebed voor die boodskap

Vader en Seun en Heilige Gees
U is ons Hemelkoning
ons wil U kinders wees

Ons loof en prys U grote Naam
almagtige Hemelheer
Ons buig nou in aanbidding
nederig voor U neer

Vader en Seun en Heilige Gees
waar ons in U Naam vergader
daar sal U wees

Kom praat deur U kneg se woorde
dat hy ons kan leer
En maak ook ons harte
ontvanklik vir U Heer

Kom praat nou deur sy woorde
dat hy ons kan leer
En maak ook ons harte
ontvanklik vir U heer

Die pad wat jy moes loop

Kom dink `n bietjie aan jou lewe
Aan die onbekende pad wat jy van kleintyd af moes loop
Kom dink aan elke afdraai, elke kruising, elke stop
Aan al die kronkels in die pad wat jy moes loop
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy moes afdraai, op die pad wat jy moes loop
was dit die leiding van die Heilige Gees

Kom dink dan aan die gang van jou gedagtes
Aan al die vrae sonder antwoord wat geknoop het in jou kop
Kom dink aan elke `Ja' elke `Nee' toe jy moes kies
Al die besluite langs die pad wat jy moes loop
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy moes luister na die fluister in jou kop
was dit die stem van die Heilige Gees

Kom dink dan aan die tye wat jy alleen was
aan die hartseer eensaam plekke in die donker langs die pad
Kom dink dan aan jou Skepper - hoe Hy altyd by jou was
Hoe Hy elke keer maar daar was as jy roep
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy kon bid en voel jy's naby aan jou God
was dit die troos van die Heilige Gees
Elke keer wat jy kon bid en met vrye toegang tot jou God
was dit die voorspraak van die Heilige Gees

Troue Leier en Vertrooster. Hy sal altyd by jou wees
Hy is jou Voorspraak by jou Vader
Jou beste Vriend die Heilige Gees

Huweliksgebed

Kom, sluit jou oë
Kom buig eerbiedig voor die Here neer
Kom juig saam met die engele
voor die almag van die Heer

Hy is die Skepper van die heelal
Hy is so ontsettend groot
Die Gewer van alle lewe
Die Oorwinnaar oor die dood

Kom dink dan, dink hoe wonderlik
Daardie Skepper is nou hier
Julle twee is vir Hom so belangrik
Hy't julle huwelik saam kom vier

En waar Hy dan nou hier is
kon Hy hoor toe julle sê
dat julle deur sy liefde
mekaar ook altyd lief sal hê

Nou bid ek namens almal hier
en in die Naam van die Heer
Sy liefde, sy genade,
sy vrede op julle neer

My gebed vir julle huwelik
is dat julle Hom daardeur sal dien
Dat die hele wye wêreld
God se liefde daarin sal sien

Ek weet U roep my

Ek ken U nie maar ek weet U roep my
met `n sagte stem wat ek kan hoor
My lewe is leeg en sonder rigting
Deur self probeer het ek verloor

Daarom kom lê ek alles hier by U voete
Ek bring die mens wat hier binne-in my huil
Want deur my sonde Heer is ek verlore
Totaal sonder hoop
Ek weet ek is vuil

Maar in U o Heer vind ek genade
U het die volle pad vir my geloop
U alleen is die Weg, die Waarheid die Lewe
Die enigste Deur na lewe en hoop

Want deur U dood aan die kruis is ek vergewe
en deur U bloed kom was U my skoon
Daarom kom gee ek U my hele lewe
Ek vra U nou om in my te woon

Dankie Here - U is nou my Koning

Ons bely (Pie Jesu)

Here Jesus
Here Jesus
Here Jesus
Here Jesus

Met dankbaarheid en in eerbied
kniel ons biddend voor U neer
en bely dat U ons Redder is

Here Jesus
Here Jesus
Here Jesus
Here Jesus

Ons glo U's ons Weg en Waarheid
en ons Lewe - Ons bely
dat U waarlik God en Redder is

Eer aan Jesus
Eer aan Jesus
Eer aan Jesus
Eer aan Jesus

Ons glo U's ons Weg en Waarheid
en ons Lewe - Ons bely
dat U waarlik God en Redder is

Jesus Christus
U is Koning
U ... is ons Redder

Man van Ur - Abraham

Duidelik was die woord wat God beveel het
'n Bevel om uit te trek uit Ur
Om alles daar te los en toe jy opstaan
Hoe kon jy weet waar jy moes heengaan
Jy't jou rykdom en jou stand verruil vir tente in die sand
in 'n land met vreemde weë
Kon jy dan deur geloof gesien het
dat God sou doen soos Hy beloof het
Dat Hy deur jare jou sou lei en leer en jou self die land sou gee
Soos die sterre aan die hemel soos die sand van die see
So het God deur jou aan ons Sy heilsverbond gegee

Duidelik was die woord wat God gegee het
'n Beloofde nageslag - 'n kind
Die een wat jou sou volg en toe hy daar was
Hoe kon jy weet waar hy moes heen gaan
Sy eie brandhout moes hy dra toe God sy lewe van jou vra
op jou altaar van geloof
Kon jy dan deur geloof geweet het
dat God 'n ram daar sou voorsien het
Dat Hy jou nageslag sou seën en bou deur jou seun met jou as hoof
Soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see
So het God deur jou aan ons Sy heilsverbond gegee

Blydskap was die woord wat God laat bring het
Die belofte in die krip 'n Kind
Die Een wat sou verlos en toe Hy groot was
Hoe kon ons weet waar Hy moes heen gaan
Sy eie kruishout moes Hy dra toe God sy lewe van Hom vra
om die losprys te betaal
Kon jy dan deur geloof voorspel het dat God 'n Lam daar sou voorsien het
dat Hy sou toelaat dat sy Seun sou sterf om oorwinning te behaal
Ons is die sterre aan die hemel - jy is die sand van die see
Deur jou het God aan ons in Hom Sy heilsverbond gegee

Ons is die sterre aan die hemel - jy is die sand van die see
Deur jou het God Sy kinderskaar Sy heilsverbond gegee

Die heel beste rede

Kom ons staan voor die Heer en bely dat Hy regeer
Kom ons sien die Hemelkoning op sy troon
Laat ons al die hulde bring en sy lof en eer besing
Laat ons lofsange die plek wees waar Hy woon

Hef jou hande na bo - Al wat Hy vra is dat ons glo
En as jy weet jy is vry - is dit die heel beste rede om te ...

Kniel voor die Vader. In gebed tot Hom te nader
Hom as Koning en Verlosser te bely
Om Hom te dank vir sy genade vir sy seën en wonderdade
Want die krag van sy waarheid maak ons vry

Gaan na die nasies want sy opdrag was basies
Om te doen en te lewe net soos Hy
Want deur sy wonderwerke is daar nou ook geen perke
Aan wat Jesus kan doen deur jou en my

Met simbaal en drom te raas en die shofars hard te blaas
Want die groot dag van Jesus kom beslis
Die dag wat elke knie sal buig en elke mond nog sal getuig
dat die Ruiter op die wit perd koning is

Hef jou hande na bo - Al wat Hy vra is dat ons glo
En as jy weet jy is vry is dit die heel beste rede vir my

As jy weet jy is vry - is dit die heel beste rede
Heel beste rede
Heel beste rede vir my

Soos die arend

Hoog teen die hange waar dit warm en veilig is
Daar gaan die arend sy nes bou
Daar sal hy regeer soos `n koning op sy troon
en getrou sal hy altyd ook daar waghou

Soos die arend by sy kuikens bly
is die Here altyd by my
Kom Hy my in sy warm liefde toevou

Met sy vlerke wyd gesprei draai die arend teen die son
as hy afduik en sy kuiken se val keer
Elke fladder elke val word `n dure lewensles
Maar die arend weet die kleintjie moet sélf leer

Net soos die arend sy kuikens jaag
om die hoogtes in te waag
Presies net so leer ons van ons heer

Dan kom die vreugde van die eerste vrye vlug
en die eerste wye draai op die lug se strome
Vir ewig nuut en vry op die wind van God se Gees
Die vervulling van jou siel se diepste drome

Net soos die arend wil ek lewe
Om op die bergwind van my Heer te swewe

Hoër, altyd hoër altyd nader aan my Here
Hoër, altyd hoër altyd nader aan my Here

Die Man in die middel

In die skemering daardie gruweldag het ek teruggegaan
Met die stofpad langs teen die heuwel op waar die kruise staan
En in die stilte daar het die eggo's na my toe teruggekom
Die haat, die vloek en die lag en die spot met Hom

Wie was die man daar in die middel dan ?
Hoe kon Hy soveel pyn verdra ?
Hoe kon Hy ooit in so `n donker uur
sy Vader smeek en vir ons vergifnis vra

Ek onthou nog goed - eenkeer toe ek nader kom
het Hy liefdevol gepraat met een daar bo by Hom
"Jy is deur jou geloof gevul met God se Gees
Voor die einde van die dag sal jy by my in die hemel wees"

Wie was die man daar in die middel dan ?
Hoe kon Hy so `n belofte maak ?
Hoe kon Hy ooit in so `n donker uur
my moordenaarshart met sy woorde raak

En terwyl ek nog daar staan praat Hy sag met my
My bloed daar aan jou spies wys ek het vir jou gely
En al wat ek jou vra - gaan op jou knieë neer
Kom gee vir my jou las. Aanvaar my as jou Heer

Was die Man daar in die middel dan tog die Heer ?
Kan Hy dan tog my sonde vergewe ?
Hulle sê Hy het gesterf en so my prys betaal
Dat ek vir altyd, altyd kan bly leef